# My Regte, My Verantwoordelikhede

## Respek, Verantwoordelikhede en die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie

Afrikaans

# INHOUDSOPGAWE

## DIE HANDVES VAN REGTE

1. Wat is menseregte? ........................................................ 4
2. Regte en Verantwoordelikhede ........................................ 4
3. Wat is die Handves van Regte? ........................................ 4
4. Wat is die Grondwet? ..................................................... 4
5. Hoe die Handves van Regte werk ..................................... 5
6. Die Handves van Regte .................................................... 6
7. Kan die regte in die Handves van Regte beperk word? ....... 21

## DIE SUID-AFRIKAANSE MENSEREGTEKOMMISSIE

1. Wat is die SAMRK en wat is sy taak? ............................... 23
2. Watter tipe sake hanteer die SAMRK? ............................. 26
3. Hoe om 'n skending van menseregte aan die SAMRK te rapporteer .............................................................. 31
4. Wat gebeur met jou klagte na ontvangs daarvan? ............. 32
5. Op watter ander maniere kan menseregte beskerm word? ... 33

## WOORDEBOEK

Nota: Woorde met hierdie teken * langsaan word in die Woordeboek verduidelik. .................................................... 34



mense wat in die argument betrokke is, gesels met mekaar en probeer om 'n ooreenkoms te bereik waarmee albei tevrede is.

**petisie** - Dit is 'n dokument waarin uiteengesit word wat jy oor iets dink. Jy kry dan baie mense wat met jou saamstem, om dit te onderteken. Dan stuur jy dit aan die persoon wat jy probeer oortuig om iets te doen of nie te doen nie.

**propaganda** - Dit is inligting wat jy versprei om mense te kry om dieselfde as jy te dink. "Propaganda vir oorlog" is inligting wat jy versprei om te probeer om 'n oorlog te begin of om te verseker dat 'n oorlog voortgaan.

**skending/skend** - Dit beteken dieselfde as mishandel/mishandeling.

**toegang** - Party van die regte in die Handves van Menseregte spesifiseer dat jy "toegang het" tot iets. Dit beteken nie dat jy 'n reg het op die ding op sigself nie. In plaas daarvan beteken dit dat die regering dinge moet doen om dit moontlik te maak vir jou om hierdie dinge te verkry.

## WOORDEBOEK

**aanhouding/ aangehou -** Om deur die polise of veiligheidsmagte aangehou te word.

**demokrasie/ demokraties -** Demokrasie is 'n wyse waarop 'n land regeer word. Dit gaan van die veronderstelling uit dat elkeen in die land seggenskap het in hoe die land regeer word. Omdat dit egter nie moontlik is vir almal om vergaderings by te woon nie, of om besluite te neem nie, verkies ons mense tydens verkiesings om dit namens ons te doen.

**diskrimineer -** Om onbillik of onregverdig behandel te word.

**knegskap -** Dit is wanneer jy gedwing word om vir iemand te werk en jy het geen vryheid nie.

**linie -** Dit is 'n ander manier om iemand te kry om iets te doen of om iets te verander. Dit behels om buite jou werksplek te staan. Mense wat dit doen dra gewoonlik plakkate wat sê waaroor hulle ongelukkig is.

**mediasie -** Dit is 'n manier om probleme op te los sonder om hof toe te gaan. 'n Onafhanklike persoon word as 'n bemiddelaar gekies. Die twee kante van die geskil vertel hulle stories. Die bemiddelaar kom dan tot 'n beslissing waarmee beide partye tevrede is.

**mishandel -** Sleg behandel word. 'n Menseregteskending is wanneer een van jou regte geïgnoreer word.

**onderhandeling -** Hierdie is 'n nadere manier om 'n argument te besleg sonder om dit hof toe te neem. Die





# DIE HANDVES VAN REGTE

## 1. Wat is menseregte?

Menseregte is die basiese regte wat elke individu het, bloot omdat hulle menslik is. Dit hoef nie verdien te word nie en is nie voorregte wat iemand aan jou gee nie. Jy het hierdie regte vanaf die oomblik van jou geboorte. Omdat dit regte is kan dit nie weggeneem word nie (alhoewel dit soms beperk kan word).

## 2. Regte en verantwoordelikhede

Omdat almal oor menseregte beskik, moet ons verseker dat ons ander mense se regte respekteer. Indien ons begeer dat ons regte gerespekteer word, moet ons niks doen wat 'n ander persoon se regte aantas* nie. Eweneens vervang hierdie regte nie die wette wat ons alreeds het nie, sodoende moet ons hierdie bestaande wette ook respekteer.

## 3. Wat is die Handves van Regte?

Die Handves van Regte is 'n lys van menseregte waaroor elke individu beskik. Dit kan gevind word in Hoofstuk 2 van ons nuwe Grondwet. ('n Opsomming is ingesluit in hierdie brosjure, maar jy moet probeer om die volledige weergawe in die Grondwet in die hande te kry.)

## 4. Wat is die Grondwet?

Die Grondwet is die hoogste of opperste wet van Suid-Afrika.
Dit lê uit hoe die regering saamgestel is en hoe die land regeer moet word. Omdat dit die hoogste wet is kan geen ander wette die Grondwet teëspreek nie. Indien dit wel gebeur, sal sodanige wette geskrap of verander word. Dit is baie moeiliker om die Grondwet te verander dan ander wette.



## 5. Op watter ander maniere kan menseregte beskerm word?

### INTERNASIONALE MIDDELE


Bykomend tot die Handves van Regte, is daar ook ander dokumente wat bekend staan as "Internasionale Middele", wat die regte vir spesiale groepe uiteensit. Die meeste hiervan is deur die Verenigde Nasies geskryf.

> Voorbeelde:
> Die Universele Verklaring van Menseregte, die konvensie vir die verwydering van alle vorme van diskriminasie teen vroue en die konvensie met betrekking tot die regte van kinders.

Daar is ook dokumente soos die Afrika Handves vir Menseregte en die Regte van Volkere, wat soos 'n Handves van Regte vir Afrika is.

Wanneer 'n land een van hierdie dokumente onderteken, onderneem dit om die regte, soos wat dit daarin uiteengesit word, te beskerm. Tot dusver het Suid-Afrika almal wat hierbo gelys word, onderteken sowel as die verklaring om vlugtelinge se regte te beskerm en om rassediskriminasie onwettig te verklaar.

## 4. Wat gebeur met jou klagte na ontvangs daarvan?




Moet asseblief nie bekommerd wees indien dit vir u blyk dat die saak 'n baie lang tyd neem om uitgesorteer te word nie, aangesien die SAHRC baie klagtes ontvang. Jy mag egter ter enige tyd die kantore skakel of aan ons skryf indien jy wil verneem wat die stand van jou klagte is. Indien iets met jou gebeur en jy is nie seker of jou regte geskend is nie, kan jy ons skakel of aan ons skryf vir advies.



Die Handves van Regte is in die Grondwet ingesluit om dit van die hoogste wet te laat deel uitmaak en om dit moeilik te maak om daaraan te verander of die regte van die mense oor te neem. Omdat dit deel van die wet uitmaak, kan dit in die hof gebruik word om jou regte te beskerm.

## 5. Hoe die Handves van Regte werk

Die Handves van Regte moet deur die regering, alle mense en organisasies in Suid-Afrika nagevolg word. Dit is hoofsaaklik daar om mense te beskerm teen alle tipes van misbruik en om te verseker dat hulle hul regte geniet.

Jy kan die Handves van Regte gebruik om die regering, individue en privaat maatskappye te verhoed om jou regte te misbruik en ook om jou regte te verwesentlik.

Byvoorbeeld
*Die reg tot gelykheid in die Handves van Regte lui dat niemand onbillik mag diskrimineer* teen enigiemand anders nie. Dit beteken dat mense nie toegelaat word om ander mense anders te behandel op grond van hulle ras, geslag, ouderdom ensovoorts nie. As jy aansoek doen om 'n betrekking en meegedeel word dat jy dit nie mag kry nie as gevolg van jou ras, is dit strydig met die Handves van Regte. Dit is so omdat die reg tot gelykheid jou beskerm teen diskriminasie deur die regering en enigiemand anders.*

Waar mense nie eenstemmigheid kan bereik of iemand se regte aangetas* is nie, kan die saak aan die Howe oorgelaat word vir 'n beslissing.

## 6. Die Handves van Regte

Hierdie is 'n kort omskrywing van al die menseregte wat in die Handves van Regte beskerm word. Die volledige weergawe van hierdie regte is vervat in hoofstuk 2 van ons Grondwet.

### Gelykheid (Artikel 9)

Alle mense is gelyk en moet op gelyke wyse behandel word. Niemand word toegelaat om teen jou te diskrimineer * op grond van jou ras, geslag, geslagtelikheid, swangerskap, huwelikstaat, etniese of sosiale herkoms, kleur, seksuele georiënteerdheid, ouderdom, gestremdheid, godsdiens, gewete, oortuiging, kultuur, taal of geboorte nie.
Maar diskriminasie word toegelaat, indien dit billik is.

> Byvoorbeeld
> *Indien 'n maatskappy van voorneme is om busbestuurders aan te stel, sou dit billik daarvan wees om te diskrimineer teen iemand wat blind is, omdat 'n blinde persoon nie in staat sal wees om 'n bus te bestuur nie.*

Regstellende aksie word ook toegelaat. Hierdie is 'n beleid wat ten doel het om die verontregting van die verlede, waar mense onbillik behandel is as gevolg van hul ras of geslag, sowel as bestaande onregte, reg te stel. Alhoewel dit soms beteken dat mense wat as gevolg van apartheid bevoordeel is, nou benadeel word, is dit toelaatbaar omdat dit nodig is om die ongelyke situasie wat deur apartheid geskep is, reg te stel.

?

Vrae

- *Kan 'n vrou gevra word om haar werk te verlaat omdat sy verwagtend is?*
- *Kan 'n winkeleienaar weier om homoseksuele mense te bedien?*
- *Behoort 'n ongetroude moeder aangesê word om 'n universiteit, skool of technikon te verlaat?*



## 3. Hoe om 'n skending van menseregte aan die SAMRK te rapporteer

Indien jy dink dat jou saak 'n saak is wat die SAMRK kan hanteer, kan jy

- die SAMRK-kantoor skakel. 'n Personeellid sal jou klag in die vorm van 'n verklaring afneem, vir jou 'n afspraak maak om na die kantore van die SAMRK te kom om sodoende 'n verklaring af te lê, of aan jou 'n klagtevorm pos om te voltooi en aan ons terug te stuur;

- jou klagte neerskryf in die vorm van 'n verklaring en dit aan die SAMRK-kantoor faks of pos; of

- 'n klagtevorm kry by een van ons kantore. Jy moet dan hierdie vorm voltooi en dit aan ons stuur.

### Hoe om die SAMRK-klagteform te voltooi

Die SAMRK-klagtevorm bevat inligting om jou te help om dit te voltooi. Jy moet die volgende inligting aan ons verskaf:

- Jou persoonlike inligting (adres, telefoonnommer, ensovoorts);
- watter reg jy dink geskend is;
- besonderhede van wat met jou gebeur het (soos byvoorbeeld die datum waarop dit gebeur het en waar);
- die name en kontakadresse van enige getuies; en
- die name van die persoon of persone wat jou regte geskend het (indien dit aan jou bekend is).

Nadat jy hierdie vorm voltooi het, moet jy dit pos of na een van ons kantore bring. Raadpleeg die binneblad van hierdie brosjure vir ons adres.

**Vigs-Konsortium**

Die konsortium bestaan uit 'n aantal gemeenskapsliggame wat op MIV/Vigs verwante sake fokus. Hulle sal aan jou gratis regsadvies verskaf indien jy met MIV-/Vigs leef en jou help indien daar teen jou gediskrimineer* word op grond van jou MIV-status.

Tel: 011 - 403 0265
www.aidsconsortium.org.za

**Onderwys- en Opleidingseenheid (OOE)**

Hierdie eenheid voorsien gratis advies met betrekking tot wette en prosedures wat arm gemeenskappe in Suid-Afrika raak en verskaf gratis materiaal aan NGO's en CBO's.
Tel: 011 - 648 9430
www.etu.org.za



**Menswaardigheid (Artikel 10)**



Jy beskik oor waardigheid omdat jy 'n menslike wese is en jou waardigheid moet gerespekteer en beskerm word.

Vrae
- *Kan 'n vrou deur 'n manlike polisiebeampte deursoek word?*
- *Behoort mense toegelaat te word om rassistiese taal te gebruik?*

**Lewe (Artikel 11)**

Jy het die reg op lewe. Niemand mag jou lewe neem nie, nie eens die staat nie.

Vrae
- *Kan 'n staatshospitaal of -kliniek weier om iemand te behandel wat besig is om dood te gaan, al het die persoon geen geld nie?*
- *Behoort daar doodstraf te wees as ons almal die reg op lewe het?*

**Vryheid en sekerheid van die persoon (Artikel 12)**

- Jy kan slegs in die tronk opgesluit word om 'n goeie rede.
- Jy mag nie sonder verhoor aangehou word nie en marteling word nie toegelaat nie.
- Jy het die reg om vry te wees van alle vorms van geweld, selfs in jou eie huis. Dit verhoed dat mense hulle vroue, mans, kinders, nooiens of kêrels mishandel.
- Jy mag nie op 'n wrede, onmenslike of vernederende wyse behandel of gestraf word nie. Lyfstraf (soos loesing) word nie in skole of tuistes toegelaat nie.
- Jy het die reg om te besluit of jy wil kinders hê of nie.
- Jy het beheer oor jou eie liggaam. Jy kan nie gedwing word om jou teen jou wil aan mediese of wetenskaplike eksperimente te onderwerp nie.

Vrae

- *Behoort mans toegelaat te word om hulle vrouens te slaan?*
- *Behoort aborsie toegelaat te word? Indien wel, wanneer? Indien nie, hoekom nie?*
- *Behoort die polisie toegelaat te word om mense te martel ten einde uit te vind wie 'n misdaad begaan het?*
- *Word onderwysers toegelaat om hul leerlinge te slaan?*

## Slawerny, knegskap* en dwangarbeid (Artikel 13)

Die bogenoemde word nie toegelaat nie.



Vrae

- *Behoort boere toegelaat te word om mense wat op hulle plase bly te dwing om vir hulle te werk?*
- *Indien jy vir 7 dae 'n week werk en jy word slegs R20 per maand betaal, behoort dit toegelaat te word?*

## Privaatheid (Artikel 14)

Jy kan nie deursoek word nie en ook kan jou huis of besittings nie deursoek word nie. Die regering kan nie op jou besittings beslag lê, jou pos oopmaak of na jou telefoonoproepe luister nie.

Vrae

- *Kan die polisie jou deursoek indien hulle vermoed dat jy 'n misdaad gepleeg het? (Onthou, regte kan soms beperk word - sien die voorbeeld op bl 21.)*
- *Kan iemand wat vir die poskantoor werk jou briewe oopmaak?*



## Nie-staatkundige organisasies, gemeenskapsgeoriënteerde organisasies en para-regsorganisasies

Daar is baie nie-staatkundige organisasies, gemeenskapsgeoriënteerde organisasies en para-regsorganisasies in Suid-Afrika wat ook die landelike gebiede insluit. Miskien weet jy alreeds van een naby jou. Indien jy hulp met 'n regssaak nodig het kan jy enige nie-staatkundige organisasies, gemeenskapsgeoriënteerde organisasies of para-regsorganisasie kontak om hulp. Hulle mag selfs jou saak na ons verwys. Voorbeelde van hierdie organisasies is:

BLACK SASH
MAKING HUMAN RIGHTS REAL

### Black Sash

Black Sash help alle mense om hulle menseregte uit te oefen. Hulle streef na sosiale geregtigheid tot voordeel van alle Suid-Afrikaners.
Tel: 021 - 461 7818
www.blacksash.org.za

### Prokureurs vir Menseregte (PMR)

Die PMR verseker die toepassing van wetlike en menseregte deur regsdienste te verskaf.
Tel: 012 - 320 2943
www.lhr.org.za

LRC
LEGAL RESOURCES CENTRE

### Regshulpbronsentrums (RHS)

Die RHS verskaf gratis regsdienste aan agtergeblewe gemeenskappe.
Tel: 011 - 403 7694/0902
www.lrc.org.za

**Regshulpraad**

Hierdie raad verskaf prokureurs aan mense wie nie regshulp kan bekostig nie en wie vir regshulp kwalifiseer. Hulle doen dit in verskillende tipes van sake, insluitende waar jy daarvan aangekla word dat jy 'n misdaad gepleeg het. Hierdie Raad het kantore by elke landdroskantoor of jy kan hulle hoofkantoor om hulp skakel:

Tel: 012 - 401 9200

**Regshulpklinieke**

Daar is regshulpklinieke by die meeste universiteite om mense te help wat nie 'n prokureur kan bekostig nie. Indien jy iemand nodig het om jou te help met 'n regsprobleem, kan jy hulle skakel, aan hulle skryf of die universiteit naaste aan jou besoek. Vra by die ontvangstoonbank of hulle so 'n kliniek het.

IEC SOUTH AFRICA

**Die Onafhanklike Verkiesingskommissie (OVK)**

Hierdie Kommissie verseker dat alle verkiesings vry en regverdig is.
Tel: 012 - 428 5700
www.elections.org.za

ICASA

**Onafhanklike Uitsaai-Owerheid (OHO)**

Die OHO verseker dat alle radio-en-televisie-uitsendings billik is en dat dit die uitgangspunte van almal in die Suid-Afrikaanse gemeenskap gereflekteer word. Hulle is ook verantwoordelik om wette en beleids oor die uitsaaiwese te maak.
Tel: 011 - 321 8200
www.icasa.org.za



**Vryheid van godsdiens, oortuiging en mening (Artikel 15)**

- Jy kan glo wat jy wil en jy kan die godsdiens van jou keuse beoefen.
- Staatsinstellings (bv. skole) kan geloofspraktyke (soos oggendbiddienste) beoefen, maar mense kan nie gedwing word om dit by te woon nie.
- Jy kan tradisioneel in die huwelik bevestig word of binne die wette van jou geloof, solank hierdie wette nie strydig met die Grondwet is nie.

?

Vrae
- *Indien jy 'n Moslem is en 'n Christelike skool bywoon, kan jy gedwing word om die Onse Vader te bid?*
- *Kan jy meer as een vrou of man hê?*

**Vryheid van uitdrukking (Artikel 16)**




Dit word soms 'vryheid van spraak' genoem. Almal, insluitend die pers, mag sê, skryf of prente publiseer wat hulle wil. Maar niemand word toegelaat om propaganda* te versprei met die oog op oorlog, of om mense aan te spoor om geweld te gebruik nie.
Taal wat beoog is om mense sover te kry om ander mense leed aan te doen as gevolg van hulle ras, etnisiteit, geslag of geloof word nie toegelaat nie.

?

Vrae
- *Kan jy 'n T-hemp dra wat sê 'Kill the farmers'?*
- *Behoort pornografie toegelaat te word?*




**Vergadering, betoging, linie-vorming* en petisie* (Artikel 17)**

Jy kan
- vergader met ander mense;
- 'n betoging hou;
- 'n linie* vorm; en
- 'n petisie* oorhandig.

Maar jy moet dit vreedsaam doen en jy mag nie 'n wapen dra nie.

Vraag
- *Kan jy 'n spies of 'n vuurwapen dra tydens 'n demonstrasie?*

**Vryheid van assosiasie (Artikel 18)**

Jy kan assosieer met wie ookal jy wil. Dit beteken dat jy kan vriende wees met of 'n sakevennoot wees van enigiemand van jou keuse en jy kan vergader met of 'n organisasie vorm met enigiemand van jou keuse.

Vrae
- *Kan jy 'n klub stig slegs vir vroue?*
- *Kan daar teen jou gediskrimineer* word omdat jy aan 'n sekere klub behoort?*



**Die Kommissie vir Geslagsgelykheid**

Hierdie Kommissie ondersoek en daag die wette, praktyke en gewoontes uit, wat teen mense diskrimineer * op grond van hul geslag. Indien daar teen jou gediskrimineer word as gevolg van jou geslag of geslagtelikheid moet jy met hierdie Kommissie in verbinding tree by:

Tel: 011 - 403 7182
www.cge.org.za

**Onafhanklike Klagtedirektoraat (OKD)**

Die Onafhanklike Klagtedirektoraat ondersoek alle gevalle waar die polisie verkeerd opgetree het of inbreuk gemaak het op jou regte.
Tel: 012 - 392 0400
www.icd.gov.za

**Die Kommissie vir Rekonsiliasie, Mediasie en Arbitrasie**

Die KRMA help enige iemand wat 'n slagoffer is van 'n onbillike arbeidspraktyk en diegene wie se arbeidsregte geskend is. Jy moet egter eers probeer om die saak te besleg deur die normale kanale en prosedures by jou werk te volg.

Tel: 011 - 377 6625
www.ccma.org.za

**Kommissie vir die Herstel van Grondregte**

Indien jou gemeenskap grond verloor het as gevolg van die Apartheidswetgewing, wat dit onmoontlik gemaak het vir swart mense om grond te besit, of deur gedwonge verskuiwing, kan jy by hierdie kommissie aansoek doen om jou grond terug te kry. Indien dit nie moontlik is nie, sal hierdie Kommissie alternatiewe metodes vind om die ongeregtighede reg te stel. Hulle kan jou byvoorbeeld grond op 'n ander plek aanbied. Tel: 012 - 312 8911

## 2. Watter tipe sake, hanteer die SAMRK?

Die SAMRK hanteer sake wat as skending van menseregte bekend staan, gratis. ’n Geval van skending van menseregte is waar enige van jou regte, soos gestel in die Handves van Regte, misbruik of geskend word. Maar ons hanteer om twee redes nie alle skendings nie: Eerstens konsentreer ons op meer ernstige skendings.

Voorbeelde van waarop ons ons toespits is

- diskriminasie op enige van die gronde soos uiteengesit in die Reg op Gelykheid, behalwe waar daar teen jou gediskrimineer word op grond van jou geslag of geslagtelikheid. In hierdie gevalle moet jy jou saak verwys na die Kommissie vir Geslagsgelykheid wat hieronder bespreek sal word;
- aangeleenthede met betrekking tot sosio-ekonomiese regte, en
- waar jou reg tot menslikwaardigheid aangetas is.

Tweedens is daar alreeds ’n aantal organisasies en strukture daargestel, om sekere tipes skending van menseregte gratis te hanteer. Dit sluit in:


PUBLIC PROTECTOR SOUTH AFRICA

**Die Openbare Beskermer**

Die Openbare Beskermer ondersoek klagtes met betrekking to regeringsamptenare soos byvoorbeeld pensioenuitbetalingsklerke. Indien jy ’n klagte aangaande ’n regeringsamptenaar het, moet jy dit eerder aan die Openbare Beskermer stuur as aan die SAMRK.
Tel: 012 - 322 2916
www.polity.org.za/html/govt/pubprot/index.htm



**Politieke regte (Artikel 19)**




Indien jy ’n burger is, kan jy
- by ’n politieke party aansluit;
- ander mense aanspoor om by hierdie party aan te sluit; en
- jou eie politieke party stig.

Nasionale, provinsiale en plaaslike regeringsverkiesings moet gereeld gehou word en moet vry en regverdig wees. Indien jy ‘n landsburger is en ten minste 18 jaar oud, kan jy:
- in die geheim stem in enige van hierdie verkiesings; en
- self in die verkiesing staan.

Vraag
- *Kan politieke partye verban word?*

**Burgerskap (Artikel 20)**

Jou burgerskap kan jou nie ontneem word nie.

Byvoorbeeld
*Onder apartheid is sommige mense meegedeel dat hulle burgers van die sogenaamde ‘onafhanklike state’ (Transkei, Ciskei, Venda en Bophuthatswana) was en is hulle so van hulle Suid-Afrikaanse burgerskap ontneem. Dit het selfs met mense gebeur wat in Suid-Afrika gebore is en nog nooit in hierdie ‘state’ was nie. Hierdie reg verseker dat hierdie onreg nie weer kan gebeur nie.*

## Vryheid van beweging en verblyf (Artikel 21)

- Jy kan gaan of bly waar jy wil in Suid-Afrika.
- Jy kan Suid-Afrika verlaat indien jy dit so verkies en te enige tyd terugkeer.
- Die regering kan nie jou paspoort wegneem nie.

> Byvoorbeeld
> *Onder apartheid was daar 'n wet wat bepaal het dat verskillende rassegroepe in verskillende gebiede moet bly. Dit was die Groepsgebiedewet. Verder is baie politieke leiers se paspoorte van hulle weggeneem om te verhoed dat hulle oorsee gaan. Hierdie reg verseker dat hierdie dinge nooit weer kan gebeur nie.*

## Vryheid van handel, beroep en professie (Artikel 22)

Jy kan kies watter werk jy wil doen solank jy oor die kwalifikasies, vaardighede of ondervinding vir die betrekking beskik.

?

Vraag

- *Kan sekere betrekkinge uitsluitlik vir wit of swart mense gereserveer word?*

## Arbeidsverhoudinge (Artikel 23)

- Jy het die reg om billik behandel te word in die werksplek.
- Werkers kan vakbonde stig, daarby aansluit en mag staak.
- Werkgewers kan werkgewersorganisasies stig en daarby aansluit.
- Vakbonde en werkgewersorganisasies kan besluit hoe hulle bestuur wil word. Hulle kan ook met ander vakbonde of organisasies vergader ten einde te beding wat hulle verlang. Hulle kan hulself ook organiseer om nuwe lede te werf en hulle kan aansluit by federasies bestaande uit ander vakbonde of werkgewersorganisasies.



## Toegang tot Inligting

Die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting (WBTI) help met die realisering van die reg op toegang tot inligting. Dit reguleer die manier waarop mense te werk gaan om inligting van die regering en privaatliggame te bekom. Die SAMRK het 'n spesiale taak gekry met betrekking tot hierdie Wet. Die Kommissie

- monitor die implementering van die Wet;
- verskaf advies aan openbare en privaatmaatskappye ten einde hul pligte te vervul onder die Wet;
- help die publiek om versoeke te rig om inligting te bekom; en
- indien iemand toegang tot inligting geweier is, kan hulle by die SAMRK, wat tussenbeide kan tree, 'n klag indien.

## Reg op Gelykheid

Die Wet op die Bevordering van Gelykheid en Voorkoming van Onbillike Diskriminasie (BGVOD) is deurgevoer ten einde die bereiking van die konstitusionele reg op gelykheid te verseker. Dit het ten doel om vorige en huidige vorms van onbillike diskriminasie aan te spreek en gelykheid te bevorder.

Die Wet het 'n nuwe hofstelsel tot stand gebring wat bekend staan as Gelykheidshowe wat spesifiek sake hanteer waar mense voel dat daar teen hulle gediskrimineer* is of hulle reg op gelykheid aangetas* is. Die normale reëls van howe is verslap in hierdie howe ten einde hulle meer toeganklik te maak vir gewone mense. Ingevolge hierdie Wet, het die SAMRK verskillende pligte om uit te voer:

- Die Kommissie monitor die Gelykheidshowe;
- dit doen verslag aan die Parlement oor watter vordering gemaak is ten einde gelykheid te bereik; en
- dit help mense, in besonder uit benadeelde gemeenskappe, om klagtes aanhangig te maak in die Gelykheidshowe.

## Beskerming van menseregte

Die SAMRK beskerm u regte deur

- tussenbeide te tree in gevalle van menseregteskendings*. Wanneer iemand voel dat sy/haar regte geïgnoreer of misbruik is, kan hulle gaan kla by die SAMRK wat kan oorgaan tot aksie soos onderhandeling*, mediasie* of die saak kan hof toe geneem word (sien bladsy 32); of om van die pers gebruik te maak om die mense bewus te maak van hierdie skendings; en
- ondersoek in te stel na menseregteskendings onder weerlose groepe soos kinders of gestremdes en voorstelle te maak oor hoe hierdie sake hanteer moet word.

## Kontrole (monitering)

Om te verseker dat die menseregte beskerm en bevorder word, doen die SAMRK die volgende:

- Regulering en kontrolering wat die regering en die mense buite die regering doen en versekering daarvan dat hulle die Handves van Regte ondersteun, en
- Kontrolering van wette om te verseker dat die nuwe wetgewing in ooreenstemming met die Handves van Regte is.

## Sosio-Ekonomiese Regte

Die Handves van Regte sluit ook jou reg tot opvoeding en 'n gesonde omgewing in, asook jou reg op toegang* tot behuising, gesondheidsorg, voedsel, water en sosiale sekuriteit. Hierdie regte word dikwels "sosio-ekonomiese regte" genoem.

Die SAMRK het 'n baie belangrike werk in verband met hierdie regte. Die SAMRK moet alle regeringsdepartemente elke jaar versoek om te verduidelik wat hulle gedoen het om dit moontlik te maak vir mense om hierdie regte te geniet. Sodoende beskerm en bevorder die SAMRK jou regte deur te verseker dat die regering iets daadwerklik doen om jou lewenskwaliteit te verbeter.



?

Vrae

- *Kan werkgewers stakende werkers uitsluit?*
- *Kan jou werkgewer jou verhoed om by 'n vakbond aan te sluit?*

## Omgewing (Artikel 24)



Jy het die reg tot 'n gesonde omgewing. Die regering moet stappe neem (soos om wetgewing aan te neem) om die omgewing te beskerm.

> Byvoorbeeld
> *Indien 'n fabriek die lug rondom jou gemeenskap besoedel kan jy van hierdie reg gebruik maak om die besoedeling te stop.*

## Eiendom (Artikel 25)

Jou eiendom kan slegs deur die regering van jou weggeneem word indien

- die wet wat dit toelaat betrekking het op mense in die algemeen en nie net op een groep betrekking het nie;
- jou eiendom gebruik gaan word vir openbare doeleindes of in die openbare belang (byvoorbeeld, indien die regering 'n dam gaan bou en jou eiendom oorstroom gaan word); en
- jy vir jou eiendom betaal word. Jy en die regering kan ooreenkom watter bedrag die regering gaan betaal, of dit kan deur 'n hof bepaal word in die geval van 'n geskil. Hierdie artikel bepaal waaraan 'n hof oorweging moet skenk wanneer dit bepaal hoeveel geld die regering moet betaal.

Grondhervorming word toegelaat. Indien jy of jou gemeenskap grond verloor het na 1913 (toe wette aangeneem is wat verhoed het dat swart mense grond mag besit) kan jy of aansoek doen om die grond terug te kry, alternatiewe grond te verkry, of betaal te word vir die grond wat jy verloor het.

Die regering moet wette aanneem ten einde te verseker dat almal toegelaat word om grond te besit. Mense wat inwonende arbeiders op iemand anders se grond is, moet ook beskerm word. Die regering moet poog dat almal toegang tot grond verkry.

**Behuising (Artikel 26)**



Jy het 'n reg op toegang* tot behuising. Jy mag nie uit jou huis gesit word nie en jou huis kan nie gesloop word tensy 'n hof jou saak aangehoor het nie.

'Toegang tot behuising' beteken nie dat jy 'n reg het op 'n huis nie. Dit beteken slegs dat niemand jou kan keer om 'n huis te bekom nie. As jy alreeds 'n huis besit kan niemand dit van jou wegneem nie. Maar hierdie reg bepaal dat die regering, met die geld wat dit tot sy beskikking het, dit vir mense moontlik moet probeer maak om behoorlike huise te bekom.

**Gesondheidsorg, voedsel, water en maatskaplike sekerheid (Artikel 27)**

Die regering moet dinge doen, soos om nuwe wetgewing aan te neem ten einde te verseker dat jy toegang* het tot



- gesondheidsorg;
- voedsel en water;
- maatskaplike sekerheid, insluitend bystandverlening aan mense wat hulself en hul afhanklikes nie kan onderhou nie.



# DIE SUID-AFRIKAANSE MENSEREGTEKOMMISSIE (SAMRK)

## 1. Wat is die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie en wat is die funksie daarvan?

Die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie is 'n deel van ons demokratiese* Suid-Afrika. Dit is in werking gestel deur die Grondwet en die Menseregtekommissiewet om te help verseker dat die demokrasie * beskerm word. Daar is erken dat die beskerming en bevordering van menseregte nie net oorgelaat kan word aan individue of aan die regering nie. Daarom is die SAMRK tot stand gebring as 'n onafhanklike organisasie, los van die regering, ten einde te verseker dat menseregte in Suid-Afrika gererespekteer word.

Die SAMRK se werk is om menseregte in Suid Afrika te bevorder, te beskerm en te monitor.

**Bevordering van menseregte**

Die SAMRK bevorder menseregte

- deur die opvoeding, opleiding van mense en bewusmaking omtrent menseregte in die Handves van Regte en die SAMRK;
- deur navorsing en verskaffing van inligting met betrekking tot menseregte;
- deur die bedryf van 'n biblioteek en dokumentasiesentrum;
- deur beleidvorming aangaande die regte in die Handves van Regte;
- deur advies aangaande menseregte aan die regering en ander organisasies te verskaf;
- deur met ander menseregte liggame (soos bv. die Verenigde Nasies) saam te werk ten einde menseregte te bevorder.

south african
human
rights
commission



Weereens het jy nie die reg op al hierdie dinge nie. Jy het 'n reg op toegang* tot hierdie dinge. Niemand kan jou dus weerhou daarvan om hierdie dinge te verkry nie en dit ook nie van jou wegneem indien jy dit alreeds het nie. Die regering moet die geld waaroor hy beskik gebruik om te probeer sorg dat jy hierdie dinge verkry.

Hierdie reg bepaal ook dat mediese behandeling in 'n noodgeval, nie geweier kan word nie, selfs al kan jy nie op daardie oomblik daarvoor betaal nie.

**Kinders (Artikel 28)**

Bykomend tot al die ander regte in die Handves van Regte, het kinders onder die ouderdom van 18 jaar spesiale regte. Dit sluit in die reg



- op familiesorg of ander sorg wanneer die kind uit sy/haar familie verwyder word;
- op voedsel, onderdak en gesondheidsorg;
- om nie mishandel of verwaarloos te word nie;
- om nie gedwing te word om te werk nie of om werk gegee te word wat nie geskik is vir 'n kind nie;
- om nie aangehou* te word behalwe indien dit absoluut noodsaaklik is nie. In so 'n geval moet die kind apart van volwassenes aangehou word;
- op 'n prokureur indien nodig;
- om nie gebruik te word om te veg in die geval van gewapende konflik of oorlog nie, maar om beskerm te word.

?

Vrae

- *Kan boere hulle arbeiders se kinders dwing om op hulle plase te werk?*
- *Het kinders die reg op menswaardigheid?*
- *Moet ouers toegelaat word om hulle kinders te slaan?*

**Onderwys (Artikel 29)**

Jy het die reg op basiese onderwys met inbegrip van basiese onderwys vir volwassenes in die taal van jou keuse (indien moontlik). Alhoewel die Handves van Regte nie spesifiseer wat basiese onderwys is nie is die regering se huidige beleid dat dit basiese onderwysopleiding is tot en met Graad 9 en basiese onderwys vir volwassenes is tot en met vlak 4.



Alhoewel basiese onderwys op die oomblik gratis verskaf word, bepaal die Handves van Regte nie dat dit gratis moet wees nie. Die regering moet poog om te verseker dat alle mense toegang het tot verdere opleiding (soos by 'n Universiteit en Technikon). Dit beteken egter nie dat dit gratis moet wees nie.

Privaatskole, universiteite en technikons word toegelaat, maar hierdie instansies mag nie teen studente diskrimineer op grond van hul ras nie.



## 7. Kan hierdie regte in die Handves van Regte beperk word?

(Sien Artikel 36 en 37 in die Handves van Regte)

Dit is belangrik om te onthou dat die regte in die Handves van Regte partykeer beperk kan word. Dit kan egter slegs gedoen word

- indien die wet wat 'n reg beperk, van toepassing is op alle mense en nie net op een groep nie;
- indien daar 'n goeie rede is om die reg te beperk; en
- indien die beperking van die reg sin maak in 'n vrye en demokratiese* land.

Voorbeeld

*Jy het die reg om nie deursoek te word of om van jou eiendom vervreem te word deur mense wat vir die staat werk nie. Maar daar is 'n wet (die Strafproseswet) wat die polisie toelaat om mense te deursoek en om hul eiendom van hulle weg te neem indien dit nodig is om misdadigers te stop. Dit word toegelaat omdat die wet op almal van toepassing is, en omdat daar 'n goeie rede is vir hierdie wet en alle vrye en demokratiese* lande laat die polisie toe om so op te tree.*

Party regte kan ook opgeskort word tydens 'n noodtoestand. 'n Noodtoestand is wanneer die sekuriteit van die land bedreig word deur 'n oorlog, 'n inval of 'n revolusie, of wanneer daar 'n natuurramp was (soos bv. 'n vloed). Maar daar is sekere regte, soos die reg om te lewe en die reg tot menswaardigheid, wat glad nie opgeskort kan word nie, nie eens in 'n noodtoestand nie.



- om vrygelaat te word, of met 'n waarskuwing, of op borgtog, behalwe as daar 'n goeie rede is om jou in die tronk opgesluit te hou;

- om 'n prokureur te verkry wat deur die regering betaal word indien jy nie 'n prokureur kan bekostig nie en 'n onreg gepleeg mag word indien jy nie van 'n prokureur voorsien word nie;

- om onder ordentlike omstandighede aangehou te word en voorsien te word van gratis kos, leesmateriaal en mediese behandeling; en

- om te praat met en besoek te word deur jou man, vrou of gesel, jou familie, 'n godsdienstige raadgewer en jou eie dokter.

?

Vrae
- *Kan die polisie mense martel ? Wat indien die polisie iemand vang wat hulle vertel dat hy 'n bom geplant het in 'n skool wat binne die volgende uur sal ontplof? Mag die polisie hierdie persoon martel om sodoende uit te vind waar die bom geplant is?*
- *Kan jy geslaan word totdat jy 'n skulderkenning teken?*
- *Mag jy in alle gevalle van 'n prokureur, wat deur die staat betaal word, voorsien word, of net in ernstige sake?*

Indien die regering getuienis teen jou bekom wat teenstrydig is met een van jou regte, sal hierdie getuienis nie deur die hof toegelaat word nie, omdat dit onbillik sal wees.

Voorbeeld
*Die polisie vermoed dat jy dagga by die huis het. Hulle martel jou totdat jy vir hulle vertel waar die dagga is. Hulle sal nie hierdie getuienis in die hof kan gebruik nie omdat die Handves van Regte sê dat jy mag nie gemartel word nie.*



?

Vrae
- *Kan 'n skool 'n leerling wegwys wat nie die skoolfooie kan bekostig nie?*
- *Kan 'n privaatskool bepaal dat slegs kinders wat 'n spesifieke taal praat daar toegelaat word?*

**Taal en kultuur (Artikel 30)**

Jy kan die taal van jou keuse gebruik en die kultuur van jou keuse navolg, maar jy moet ander se menseregte respekteer in jou handelinge.

Voorbeeld
*Indien jou kultuur bepaal dat jy 'n dier moet slag op 'n bepaalde dag, en jy woon in 'n stedelike gebied, sal dit heel waarskynlik onmoontlik vir jou wees om dit by jou huis te doen, omdat dit strydig is met ander mense se regte op 'n gesonde omgewing.*

**Kulturele -, godsdienstige - en taalgemeenskappe (Artikel 31)**

Gemeenskappe kan
- hulle eie kulture geniet;
- hulle eie godsdiens beoefen;
- hulle eie taal gebruik; en
- hul eie organisasies stig.

Maar hulle moet ander mense se regte respekteer wanneer hulle dit doen.

**Toegang tot inligting (Artikel 32)**

Jy het die reg op
- enige inligting wat die regering het; en
- inligting wat iemand anders (soos 'n privaatmaatskappy) het indien jy dit nodig het om een van jou regte te beskerm.

> Voorbeeld
> *Wanneer jy beskuldig word van 'n kriminele oortreding, sal jy gewoonlik toegelaat word om die verklarings van die getuies, wat in die besit van die aanklaer is, te sien. Die rede hiervoor is dat die aanklaer in die diens van die regering is en hy inligting aangaande jou in sy besit het.*

**Regverdige administratiewe optrede (Artikel 33)**

Administratiewe optrede (dit is die optrede deur die regering of regeringsdepartemente) moet deur die reg toegelaat word, dit moet billik wees en prosedures moet regverdig wees. Jy kan skriftelike redes aanvra met betrekking tot enige besluit wat deur die regering geneem is, wat teenstrydig is met een van jou regte.

**Toegang tot howe (Artikel 34)**

Jy kan 'n regsprobleem besleg deur 'n hof of 'n soortgelyke struktuur.




**Gearresteerde, aangehoude en beskuldigde persone (Artikel 35)**

Hierdie artikel sit die regte uiteen wat jy het indien jy gearresteer, aangehou of beskuldig word van die pleeg van 'n misdaad. Dit sluit in



- om te swyg en nie gedwing te word om 'n skulderkenning te doen nie;
- om na 'n hof gebring te word binne 2 dae van arrestasie;



